Dalene Matthee: Vriende bring hulde

TAFELBERG

Die bos se stem raak stil

Sy is internasionaal en plaaslik vir haar lewenskragtige skryfwerk bekroon en haar boeke is in veertien tale vertaal, maar vir Dalene was haar grootste prestasie dat sy die wêreld kon blootstel aan die bos en sy mense. En dat soveel kinders haar boeke lees

DIE bome luister. Dis dié dat Dalene Matthee 'n besoeker gou stilgemaak het toe hy in haar tuin in Hartenbos vir haar vertel 'n akkerboom kan nie in 'n pot groei nie. "Kom praat hier in die huis. Ek wil nie hê die boom moet hoor wat jy sê nie," het sy die TV-regisseur Jan Groenewald aangesê.

En vir Dalene het die bome ook stemme gehad. Dié geliefde skrywer en natuurmens het op haar beurt na die bos geluister.

Kort ná die verskyning van Dalene se tweede bosroman, Fiela se Kind, het die rolprentmaker Katinka Heyns gaan vra of sy dit mag verfilm. Dalene se antwoord was: "Die bos sal sê . . ."

Saam is hulle die bos in, waar hulle 'n goeie twee of drie uur in stilte rondgestap het. Eers die volgende oggend nadat sy in haar "feetjietuin" – 'n binnehof vol varings – gesit en luister het wat die engele sê, het sy Katinka die groen lig gegee.

Nou is Dalene (66) dood, skielik voorverlede Sondagoggend in haar slaap in 'n kliniek in Mosselbaai aan hartversaking. Maar haar boeke wat in veertien tale vertaal is, leef voort. Daarmee het sy die betowering van die inheemse Suid-Kaapse woude met hul bedreigde olifante tot ver oor die landsgrense uitgedra.

'n Gids in die Knysna-bosse vertel van 'n groep Britse toeriste wat op hul eerste besoek verwonderd tussen die bosreuse gaan staan het. "Ek was al hier," het 'n vrou vol ontsag gefluister. Toe verduidelik sy sy het Dalene se boeke gelees . . .

DIT het alles met 'n OK-sak begin waarmee sy vroeg in die tagtigs met die manuskrip van Kringe in 'n Bos by Tafelberg-Uitgewers se kantoor in Kaapstad opgedaag het.

"Sy het gesê sy het so lank navorsing daarvoor gedoen dat sy heeltemal platsak was," vertel Charles Fryer, destyds hoof van fiksie.

Haar verontwaardiging oor hoe die houthandelaars die houtkappers in die Knysna-bosse uitgebuit het, het haar aangevuur.

"Die olifant Oupoot het begin loop en sy pad dwarsdeur die Afrikaanse letterkunde gebaan," sê Charles. Daarna is hy die wye wê-

aan die vrou wat met bome en feetjies gepraat het

reld in, nadat die skrywer André P. Brink besef het die boek kan 'n wêreldtreffer word en sy agent in Londen daarvan vertel het.

Charles onthou Dalene as 'n eksentrieke mens wat geglo het daar is feetjies in 'n boom in haar agterplaas en wat vir kwikstertjies kaas gevoer het.

"Sy het nie *fame* gesoek nie," sê die aktrise Shaleen Surtie-Richards van Dalene. "Sy het daai twee voete plat op die grond gehad."

Shaleen het Dalene in 1985 leer ken toe sy die hoofrol gespeel het in 'n opvoering van Fiela se Kind. Die regisseur Suzanne van Wyk het nie van Shaleen in die rol gehou nie en haar senuwees was op hol toe sy Hartenbos toe is om die skrywer te ontmoet.

"Dalene het by haar voordeur uitgekom, haar arms het oopgegaan en sy het vir my gesê: 'Jy's my Fiela.' "

Vir Shaleen was dit so 'n groot inspirasie dat sy daarna Dalene se foto in haar kleedkamer gehou het.

Eenmaal toe sy met 'n eenvrouvertoning op die Tuinroete besig was, het sy 'n pop nodig gehad. Dalene het haar dogter Amanda se porseleinpop met die naam Constipation vir haar geleen. "Die kind het nooit geweet wat die naam beteken nie. Eers toe sy so twaalf was, toe sê haar ma vir haar. Sy was baie ontsteld, maar toe is die pop klaar gedoop," vertel Shaleen laggend.

"Dalene het wêreldwyd roem behaal, maar sy was net 'n vrou vir Larius, 'n ma vir haar drie dogters en 'n vriendin van die boonste rak."

Katinka onthou die boel teddiebere wat haar met haar eerste besoek aan Dalene op die rusbank ingewag het. Dit was uit Dalene se dogter Hillary se versameling, en Dalene het dit as voorwaarde vir die verfilming van Fiela se Kind in die kontrak laat skryf dat Katinka vir Hillary 'n spesiale teddiebeer moet gee.

Daarna het 'n ander rolprentvervaardiger Dalene meer geld aangebied, plus 'n teddiebeer uit Disneyland.

"Hoe kompeteer 'n mens nou met 'n beer wat met 'n straler ingevlieg word?" sê-vra Katinka. Gelukkig het Dalene besluit sy wil hê 'n vrou moet die rolprent maak en Katinka het die ooreenkoms met " 'n dierbare, handgemaakte beertjie" beklink.

Nog 'n bepaling was dat Dalene nie 'n nuuskonferensie of die openingsaand sou hoef by te woon nie. Maar met die openingsaand van Fiela se Kind in Kaapstad was sy wel daar om die prent te sien waarin sy self 'n klein rol – dié van 'n bosvrou – vertolk het.

Katinka het haar sowat twee jaar gelede die laaste keer gesien. "Dit was 'n ander Dalene as wat ek geken het. Sy was baie stil en het baie gewig verloor. Sy was nie gesond nie. Dit was vir haar swaar dat sy nie meer bos toe kon gaan nie."

'n Maand voor haar dood het sy en Katinka vir oulaas oor die telefoon gepraat, oor die moontlikheid om Moerbeibos saam met 'n Italiaanse vervaardiger te verfilm.

"Ek het die gevoel gekry dat daar nie meer tyd is nie. Alles is afgehandel. Sy het gedoen wat sy wou doen."

OOR siekte het Dalene nie gepraat nie. "Wanneer ek uitgevra het – sy het las van artritis gehad – het sy die antwoord altyd ontwyk," vertel Riana Barnard, redakteur van Dalene se laaste bosboek, Toorbos. Sy onthou haar as 'n "eerlike, reguit mens".

"Jy lyk verkeerd," het die skrywer met hul eerste ontmoeting gesê en verduidelik Riana lyk anders as wat sy haar voorgestel het. "Jy moet maar 'n tydjie maak dat ons iewers op 'n klip kan gaan sit," het sy bygevoeg.

Dalene het haar boeke op maat van musiek geskryf, vertel Riana. "Die bos-boeke het vir Rossini in die CD-speler gevra. Wanneer sy deur 'n mooi bergpas ry, sou sy stilhou om eers na 'n snit te luister. 'Ja, die berge sal ook van die musiek hou,' is die soort ding wat sy sou sê."

Dalene het internasionaal erkenning vir haar werk gekry toe sy in 1993 met 'n Switserse letterkundeprys bekroon is vir haar "lewenskragtige literêre werk en hartstogtelike belangstelling in natuurbewaring". Maar vir haar was haar grootste prestasie dat sy die bos en sy mense se verhaal aan die wêreld bekendgemaak het, sê Riana. En dat soveel kinders haar boeke lees, ook as voorgeskrewe werk op skool. "Sy het geen steen onaangeroer gelaat om 'n kind te help nie."

Annelie Botes, skrywer van onder meer Raaiselkind, was veertien toe Dalene vir haar begin kitaarlesse gee het op Uniondale, waar haar man bankbestuurder was. Sy het haar "geestelike ma" geword nadat Annelie haar eie ma op sewentien verloor het.

"Sy het my nie met my skryfwerk gehelp nie – dis jy en jy alleen, het sy gesê – maar met haar magdom kennis vir my geleer die wêreld eindig nie by George of Oudtshoorn nie. Sy het my nuuskierig gemaak oor die lewe."

Dalene is dood kort nadat haar laaste boek, Die Uitgespoeldes, en die vertaling daarvan klaar was.

"Soos ek haar geken het, sou sy haarself aan die lewe gehou het om die boek klaar te skryf," sê Frederik de Jager, wat as redakteur haar by Tafelberg-Uitgewers leer ken het.

"Sy het haar eie idees gehad, soos oor die mens se plek in die natuur. Sy het geweet hoe om so 'n idee in 'n storie in te ploeg, sodat jy die boek agter die storie aan lees, maar baie meer daarmee saam kry."

Toe sy die eerste van vier ATKV-pryse vir goeie gewilde prosa verower het, het Dalene reguit gesê sy is vreeslik bly oor die geld.

Sy was een van enkele Suid-Afrikaanse skrywers wat ook finansieel goed gevaar het, sê Frederik. "Sy het in Hartenbos 'n mooi huis gekoop en die laaste keer dat ek haar gesien het, het sy 'n Mercedes gery."

Maar sy het ook haar geld gebruik vir navorsing. Vir Pieternella van die Kaap is sy Nederland toe om daar navorsing te doen. "Baie mense skryf vir tydverdryf, maar sy was 'n rêrige skrywer," sê Frederik.

Van die balkon van die woonstel waarheen sy ná haar man se dood getrek het, het Dalene 'n uitsig oor Mosselbaai se hawe gehad. Vir die see was sy byna so lief soos vir die bos. Sy het selfs geweet wanneer die see verjaar – met die springgety in September.

"Ek kan nie glo sy is nie meer daar nie," sê Katinka. "Maar nou woeker Dalene onder die engele, die feë en die muse. En sy het sekerlik 'n paar goed vir hulle te sê." □

HOOFFOTO: 'n Vrou sonder fieterjasies, een wat met die manuskrip van haar boek Kringe in 'n Bos in 'n plastieksak by die uitgewer opgedaag het. Dis hoe mense wat haar goed geken het, vir Dalene Matthee sal onthou. ONDER: Dalene se Bos-boeke waarvoor sy so bekend was – Kringe in 'n Bos, Fiela se Kind, Moerbeibos en die laaste een, Toorbos.

Deur Elretha Louw

'Jy moet maar 'n tydjie maak dat ons iewers op 'n klip kan gaan sit'

MEGAN WILLIAMS